NAVORSING: HORTOLOOG/TUINBOUKUNDIGE

Die suider-Afrikaanse sitrusbedryf is die tweede grootste uitvoerder van vars sitrusvrugte in die wêreld. Die bedryf het wêreldwye erkenning verkry as 'n voorste verskaffer van sitrusvrugte van uitstaande gehalte. Citrus Research International (CRI) het ten doel om die langtermyn globale mededingendheid van die suider-Afrikaanse sitrusprodusente deur middel van ontwikkeling, ondersteuning, koördinering en verskaffing van Navorsings- en Tegniese dienste te maksimaliseer. CRI beskik tans oor 'n vakature vir 'n hortoloog/tuinboukundige om innoverende voor-oes navorsing te doen met die oog daarop om produksie van sitrusvrugte en gehalte te optimaliseer.

Die ideale kandidaat moet oor 'n PhD-graad in Hortologie/Tuinboukunde en 'n uitstekende interpersoonlike profiel beskik. Die persoon moet vaardig met Microsoft Office en sagteware vir statistiese ontledings wees en moet oor 'n SA rybewys beskik. Aansoeke vanaf kandidate met 'n MSc sal ook oorweeg word. Die posbekleër moet in staat wees om onafhanklik navorsing te kan doen, asook om 'n netwerk van medewerkers te kan ontwikkel.

CRI bied 'n gunstige werksomgewing en 'n kompeterende en buigsame vergoedingspakket.

Stuur asseblief jou aansoek en 'n verkorte (1- bladsy) CV teen 8 September 2011 aan:

Ms. Jean de Gasperi,
jeandeg@cri.co.za
Faks 013 744 0578
Telefoon 013 759 8000

Ontvangs van aansoeke sal erken word. Kandidate wat egter nie vir 'n tweede maal teen 19 September gekontak is nie, kan hul aansoeke as onsuksesvol beskou.